



# UNIVERSITEIT STELLENBOSCH UNIVERSITY

Verwysingsnommer van dokument	
HEMIS-klassifikasie	
Tipe dokument	Konsep: Hersiene Toelatingsbeleid
Doel van die beleid	Die doel van hierdie beleid is om beginsels, riglyne en bepalinge neer te lê vir toelating tot voorgraadse en nagraadse programme aan die Universiteit Stellenbosch.
Goedkeuringsdatum	28 November 2016
Implementeringsdatum	
Hersieningskediule	Ten minste elke vyf jaar, of vroeër na gelang van behoefte
Vorige hersienings	
Beleidseienaar	Viserektor: Leer en Onderrig
Beleidskurator	Senior Direkteur: Voornemende Studente
Goedgekeur deur	Universiteitsraad
Geldige weergawe	Engels
Trefwoorde	akademiese uitnemendheid; benadeling; bestuursriglyne; diversiteit; eerstegenerasiestudent; eienaarskap; ekonomiese benadeling; gelykberegtiging; geweege benadelingsfaktor; herstel; inklusiwiteit; kurator; maatskaplike verantwoordelikheid; meertaligheid; onderwysbenadeling; ras; selfklassifikasie; sosio-ekonomiese status; toelatingsbeleid; toelating- en keuringsriglyne; verlengde graadprogramme

## Inhoudsopgawe

	Bladsy
Die kern van die beleid	3
1. Inleiding	3
2. Doel van die beleid	4
3. Beleidsomvang	4
4. Beleidsmikpunte	4
5. Beleidsbeginsels	4
6. Beleidsbepalings	6
6.1 Oorsig van die toelatingsproses	6
6.2 Toelatingsvereistes	7
6.3 Die bepaling van inskrywingsteikens	8
6.4 Toelatingsprosedure	8
6.5 Ras	9
6.6 Sosio-ekonomiese status (SES)	11
6.7 Verlengde graadprogramme	12
6.8 Geen onbillike diskriminasie	13
6.9 Studente met spesiale leerbehoefes (gestremdhede)	13
6.10 Skaars vaardighede	13
6.11 Vorige leerervaring	13
6.12 Internasionale studente	14
6.13 Toelating en taal	14
6.14 Studente met vorige veroordelings weens misdaad	14
6.15 Studentetoegang met sukses	14
7. Beleidsbeheer	14
8. Monitering en verslagdoening	15
9. Optrede in geval van nie-nakoming	15
10. Woordomskrywing	15
11. Stawende dokumente	16
12. Verbandhoudende dokumente	17
BYLAE A	18

## Die kern van die beleid

Hierdie Toelatingsbeleid ondersteun die US se strategiese posisionering vir die 21ste eeu soos wat die huidige Institusionele Voorneme en Strategie 2013-2018 dit beskryf, wat die Universiteit verbind tot die skep en instandhouding van “’n omgewing van inklusiwiteit, transformasie, innovasie, diversiteit en die handhawing van uitnemendheid, met die klem op die toekoms”. Die Toelatingsbeleid bevorder toegang en sukses vir studente uit diverse gemeenskappe.

Die Universiteit Stellenbosch (US) verbind hom tot ’n billike, deursigtige en redelike proses vir toelating tot voorgraadse en nagraadse programme.

Die beleid slaan ag op die veelvlakkige en komplekse aard van benadeling in Suid-Afrikaanse verband. Daarom oorweeg dit ’n verskeidenheid faktore in die toelating van studente om die US in staat te stel om ongelykhede en diskriminasie uit die hoërondwysstelsel te help verwyder.

Die einddoel van die beleid is die toelating van ’n diverse studentegemeenskap met die potensiaal om sukses te behaal, en die handhawing en bevordering van akademiese uitnemendheid deur diversiteit.

### 1. INLEIDING

- 1.1 Hierdie beleid gee uitvoering aan die US se verpligtinge wat spruit uit die grondwetlike reg op toegang tot hoër onderwys, sowel as die wetlik voorgeskrewe plig om toe te sien dat sy toelatingsbeleid voorsiening maak vir “geskikte maatreëls vir die regstel van ongelykhede van die verlede en nie op enige wyse onbillik diskrimineer nie”.
- 1.2 As ’n openbare hoërondwysinstelling, dra die US ook by tot die bereiking van nasionale mikpunte vir die hoër onderwys, onder meer die verhoging in die hoërondwysdeelnamekoers in Suid-Afrika.
- 1.3 Die US moet sy deel doen in die strewe na akademiese uitnemendheid in die samelewing in die algemeen.
- 1.4 Die US moet ook sy onderrig en navorsing so onderneem dat dit tot die verwydering van ongelykhede en diskriminasie binne die hoërondwysstelsel, ook die gevolge van vorige ongelykhede en diskriminasie, bydra.
- 1.5 Daarom is die US daartoe verbind om sy verantwoordelikheid met betrekking tot regstelling in die land na te kom.
- 1.6 Die Raad van die US bepaal sekere studentediversiteitsteikens om regstelling te fasiliteer en aan die visie van die US uitvoering te gee, naamlik om ’n inklusiewe, innoverende en toekomsgerigte universiteit te wees.
- 1.7 In die lig van bogenoemde word ’n genuanseerde stel aanwysers vereis aan die hand waarvan die US die toelating kan oorweeg van ’n diverse groep nuwelingstudente wat oor die potensiaal beskik om sukses te behaal.

### 2. DOEL VAN DIE BELEID

Die doel van hierdie beleid is om beginsels, bepalinge en riglyne neer te lê in verband met toelating tot voorgraadse en, waar van toepassing, nagraadse programme van die US.

### **3. BELEIDSOMVANG**

- 3.1 Hierdie beleid rig toelating tot voorgraadse programme, terwyl die onderliggende beginsels van die beleid ook vir toelating tot nagraadse programme geld.
- 3.2 Hierdie beleid is nie van toepassing op kortkursusse nie. Toelating tot kortkursusse word gerig deur die *Beleid insake die Aanbieding van Kortkursusse*.
- 3.3 Hierdie beleid is ook nie van toepassing op die prosedures vir hertoelating na onsuksesvolle studie nie. Hertoelating word gerig deur die *Hertoelatingsbeleid*.

### **4. BELEIDSMIKPUNTE**

Hierdie beleid het die volgende mikpunte:

- 4.1 Om 'n billike, deursigtige en redelike proses vir toelating tot voor- en nagraadse programme te vestig.
- 4.2 Om tot die skep van 'n inklusiewe studentegemeenskap by te dra, waar diversiteit as 'n bate beskou word.
- 4.3 Om akademiese uitnemende studente te werf en toe te laat.
- 4.4 Om voornemende studente toe te laat wat oor die potensiaal beskik om suksesvol af te studeer en om goed toegeruste denkleiers vir die toekoms te wees.
- 4.5 Om gelyke geleenthede aan voornemende studente in gelyksoortige omstandighede te bied, en regstelling te fasiliteer waar individue of kategorieë persone weens vorige onbillike diskriminasie benadeel was of is.
- 4.6 Om 'n raamwerk te voorsien waarbinne fakulteite hulle riglyne en prosedures vir fakulteitspesifieke toelating en keuring ten opsigte van voorgraadse en, waar van toepassing, nagraadse programme moet opstel.

### **5. BELEIDSBEGINSELS**

- 5.1 Die Universiteit volg 'n leer-, onderrig- en ontwikkelingsbenadering wat belowende studente die geleentheid bied om akademiese sukses te behaal en die eienskappe van die US-gegraduateerde te ontwikkel.
- 5.2 Die Universiteit is verbind tot akademiese uitnemendheid, sowel as 'n verhoging in die getal bruin, swart Afrikaan- en Indiër- (BSI-), en sosio-ekonomies benadeelde studente. Hierdie twee faktore moet naas mekaar funksioneer, en nie teenoor mekaar nie. Daarom is dit belangrik dat die Universiteit die beste kandidate ongeag ras, sowel as die beste BSI-kandidate en die beste kandidate van 'n laer sosio-ekonomiese status (SES) werf. Net so word toelatingsbesluite met die beginsels van akademiese uitnemendheid deur diversiteit en inklusiwiteit bely.

- 5.3 Die Universiteit moet daarvan oortuig wees dat enige aansoeker, ongeag ras of SES, oor die vermoë beskik om 'n studiekursus waartoe hy of sy toegelaat wil word, suksesvol te voltooi.
- 5.4 Die minimum vereistes vir 'n studiekursus berus op die ervaring van elke fakulteit. Die doel van die vereistes is om te sorg dat elke voornemende student oor die vermoë beskik om 'n studiekursus te voltooi sonder om onderrig- en assesseringstandaarde te verlaag.
- 5.5 Skoolpunte, veral in vakke wat op 'n gekose studiekursus betrekking het, is die beste voorspeller van kandidate se vermoë om daardie studiekursus suksesvol te voltooi. Die minimum vereistes berus dus hoofsaaklik op skoolvakkeuses en skoolpunte, hoewel 'n sekere gewig ook geheg kan word aan ander faktore wat die fakulteit as belangrike aanwysers van moontlike sukses beskou.
- 5.6 Die Universiteit erken die teenstrydighede tussen sy huidige studentegemeenskap en die kandidatepoel wat met universiteitsvrystelling aan hoërskole kwalifiseer, sowel as die demografiese samestelling van die Wes-Kaapstreek en die land.
- 5.7 Die Universiteit is verbind tot regstellende-aksiemaatreëls met die bepaalde doel om die langtermyngevolge van apartheid en rasseverdeling, waarvan bogenoemde teenstrydighede 'n bewys is, te bowe te kom.
- 5.8 In die implementering van 'n regstellende-aksieplan sal die Universiteit voorlopig 'n generiese omskrywing vir swart studente gebruik, wat gelyke voordeel aan alle BSI-studente gee (d.w.s. geen subgroep swart Afrikaan-studente sal voorlopig enige bykomende voordeel vergeleke met bruin of Indiërstudente ontvang nie). Sekere uitsonderings kan geld, soos in Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, waar voorkeur gegee word aan swart Afrikaan- en bruin aansoekers om die nasionale en streeksdemografie te weerspieël.
- 5.9 Die Universiteit grond sy bepaling van 'n aansoeker se ras op aansoekers se eerlike selfklassifikasie. Indien die Universiteit glo dat die inligting oor die aansoeker se selfklassifikasie waaroor die Universiteit beskik 'n teenstrydigheid bevat, behou die Universiteit die reg om die selfklassifikasie te hersien.
- 5.10 Die Universiteit beoog om ten minste die demografiese verteenwoordigingsteikens te haal wat hy jaarliks in oorleg met die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) vasstel, of 'n hoër teiken met inagneming van die demografiese samestelling van die kandidatepoel wat vir studie in 'n bepaalde program in aanmerking kom.
- 5.11 Die Universiteit erken ook die behoefte daaraan om plekke te oormerk vir sosio-ekonomies benadeelde studente, ongeag ras, wat aan die minimum vereistes vir 'n gekose studieprogram voldoen, maar nie andersins tot daardie kursus toegelaat sou word nie. Op grond van die huidige sosio-ekonomiese realiteite in Suid-Afrika, sal die meeste van hierdie studente waarskynlik BSI-aansoekers wees, hoewel dít mettertyd kan verander.
- 5.12 Die beleid, sowel as die vasgestelde teikens vir elke jaar, sal aangepas word om as weerspieëling te dien van die vordering by die Universiteit en in die groter gemeenskap om die gevolge van apartheid en rasseverdeling uit te wis. Die mikpunt van die beleid moet wees om 'n situasie te bereik waarin regstelling nie meer nodig is nie.

5.13 Die Universiteit is verbind tot die uitwissing van onbillike diskriminasie op alle gronde wat mense se fundamentele menswaardigheid aantast.

## **6. BELEIDSBEPALINGS**

### **6.1 OORSIG VAN DIE TOELATINGSPROSES**

Toelating tot die US geskied soos volg:

#### **6.1.1 Bepaling van toelatingsteikens**

6.1.1.1 Die Raad bepaal jaarliks teikens vir die Universiteit op grond van die grootte (totale getal studente) en vorm (vakrigtings en diversiteitsprofiel) van sy studentegemeenskap (par 6.3).

6.1.1.2 Elke fakulteit bepaal die getal plekke en die minimum toelatingskriteria vir elke program (par 6.3).

6.1.1.3 Om historiese benadeling reg te stel en 'n diverse studentekorps te verkry, bepaal elke fakulteit gewenste teikens vir die getal BSI-studente sowel as die getal sosio-ekonomies benadeelde studente wat die fakulteit beoog om tot elke program toe te laat (par 6.4).

6.1.1.4 Om hierdie teikens te haal, wys elke fakulteit 'n aantal beskikbare plekke per program toe vir die toelating van studente in die volgende kategorieë:

6.1.1.4.1 toppresterderaansoekers, ongeag ras of sosio-ekonomiese benadeling;

6.1.1.4.2 toppresterderaansoekers uit die BSI-groep; en

6.1.1.4.3 toppresterderaansoekers uit die sosio-ekonomies benadeelde groep.

#### **6.1.2 Ontleding van die aansoekerspoel**

6.1.2.1 Vir elke program identifiseer die fakulteit daardie aansoekers wat aan die minimum toelatingsvereistes voldoen, en plaas hulle op 'n ranglys volgens akademiese prestasie op skoolvlak.

6.1.2.2 Op grond van die aansoekdata wat voorsien is, word elke aansoeker se ras (par 6.5) en SES-telling (par 6.6) bepaal.

6.1.2.3 Na gelang van die samestelling van die aansoekerspoel vir daardie bepaalde jaar, kan 'n fakulteit die getal toegewese plekke op grond van ras en SES aanpas. 'n Fakulteit kan dit slegs doen indien, met inagneming van die aansoekerspoel daardie jaar, 'n aanpassing vereis word om 'n gepaste balans tussen die toelating van akademies uitnemende studente, die regstelling van vorige diskriminasie en die toelating van 'n diverse studentekorps te verkry.

#### **6.1.3 Toelating van studente (sien par 6.2 en tabel 2 in bylae A)**

6.1.3.1 Die fakulteit laat die aansoekers hoogste op die ranglys ooreenkomstig hulle akademiese uitslae op skool toe om die toegewese plekke vir akademiese prestasie sonder inagneming van ras of SES te vul.

- 6.1.3.2 Daarna laat die fakulteit die BSI- en SES-aansoekers hoogste op die ranglys toe totdat die onderskeie teikens vir elke kategorie gehaal is.
- 6.1.3.3 Indien daar nog plekke oorbly, word die toppresterderaansoekers sonder inagneming van ras of SES-status toegelaat.
- 6.1.3.4 Daardie BSI- en SES-aansoekers wat nie tot 'n hoofstroomprogram toegelaat word nie, met inbegrip van aansoekers wat nie aan die minimum toelatingsvereistes voldoen nie, kan vir toelating tot 'n verlengde graadprogram (par 6.7) oorweeg word.

## 6.2 TOELATINGSVEREISTES

- 6.2.1 Die Universiteit onderskryf en volg die statutêre toelatingsvereistes wat die DHOO vir graad-, diploma- en hoërsertifikaatprogramme neerlê.
- 6.2.2 Die US skryf nie algemene, universiteitswye minimum toelatingsvereistes voor nie.
- 6.2.3 Fakulteite bepaal jaarliks minimum toelatingskriteria vir elke program, wat die Senaat moet goedkeur. Hierdie kriteria kan akademiese prestasie sowel as ander tersaaklike faktore insluit.
- 6.2.4 In die vasstelling van minimum toelatingskriteria moet fakulteite:
  - 6.2.4.1 daarna streef om slegs daardie aansoekers toe te laat wat die kursus suksesvol kan voltooi;
  - 6.2.4.2 hoofsaaklik staatmaak op historiese data wat toon watter vermoëns vereis word om 'n program suksesvol te voltooi;
  - 6.2.4.3 die moontlikheid in ag neem dat minimum kriteria dalk onopsetlik groepe mense uitsluit; en
  - 6.2.4.4 hulle onderskeie diversiteitsteikens in ag neem.
- 6.2.5 Weens die beperkte beskikbare plekke sowel as strategiese en doelgerigte inskrywingsbestuur, word toelating nie gewaarborg aan alle voorgraadse aansoekers wat aan die minimum toelatingsvereistes van 'n bepaalde program voldoen nie.
- 6.2.6 Toelating om vir voorgraadse programme te registreer, berus op die finale uitslae van die Nasionale Senior Sertifikaat-, Onafhanklike Eksamineringsraad- of ander erkende skoolverlaterseksamen.
- 6.2.7 Die US vereis dat voornemende eerstejaarstudente, buiten die uitsonderings wat in fakulteite se toelatings- en keuringsriglyne aangedui word, die Nasionale Normtoetse (NNT's) aflê. Fakulteite kan die NNT's vir toelating tot voorgraadse programme, en in die besonder vir besluite oor studenteplassing in verlengde graadprogramme, gebruik.
- 6.2.8 Benewens akademiese prestasie, kan fakulteite ook toepaslike gespesifiseerde inligting, vaardighede of ooreenkomste buiten die akademiese toelatingsvereistes oorweeg. Dit sluit in betrokkenheid en/of prestasie op die gebied van leierskap, gemeenskapsdiens, kultuuraktiwiteite, sport, meertaligheid of deeltydse werk; vaardighede wat byvoorbeeld uit portefeuljes

of oudisies blyk, en fakulteitspesifieke kontrakte en ooreenkomste.

- 6.2.9 Fakulteite bepaal ook minimum toelatingsvereistes vir verlengde graadprogramme (VGP's), wat saam met hulle toelatingsvereistes vir hoofstroomprogramme gepubliseer moet word.

### **6.3 DIE BEPALING VAN INSKRYWINGSTEIKENS**

- 6.3.1 Die Raad bepaal jaarliks inskrywingsteikens vir fakulteite op grond van die grootte (totale getal studente) en vorm (vakrigtings en diversiteitsprofiel) van die US se studentekorps.
- 6.3.2 Op grond van hierdie teikens en institusionele kapasiteit bepaal fakulteite jaarliks die getal beskikbare plekke vir elke program.
- 6.3.3 Die diversiteitsteikens moet vasgestel word ná inagneming van die volgende demografiese aanwysers:
- 6.3.3.1 die US se aansoekerspoel die afgelope drie jaar;
  - 6.3.3.2 die studente wat die Nasionale Senior Sertifikaat- of Onafhanklike Eksamineringsraad-eksamen slaag;
  - 6.3.3.3 die demografiese profiel van die studentekorps van die Universiteit van Kaapstad, die Universiteit van Wes-Kaapland en die Kaapse Skiereiland Universiteit vir Tegnologie; en
  - 6.3.3.4 die demografiese profiel van 15- tot 24-jariges in die Wes-Kaap.
- 6.3.4 Die Rektor se Bestuurspan, in oorleg met fakulteite, bepaal elke jaar diversiteitsteikens per fakulteit as deel van die institusionele inskrywingsbestuursproses. Hierdie teikens is gegrond op die Universiteit se algehele diversiteitsteikens. Dekane, met die ondersteuning van die afdelings Voornemende Studente, Akademiese Administrasie en Institusionele Navorsing en Beplanning, is daarvoor verantwoordelik dat fakulteite hulle inskrywings- en diversiteitsteikens haal.
- 6.3.5 Op grond van hulle bepaalde diversiteitsteikens moet elke fakulteit die getal BSI- en SES-studente bepaal wat hulle beoog om in elke program te plaas (rasse- en SES-teikens). Hierdie getalle is nie vaste maksimums of minimums nie, maar riglyne vir die toelatingsproses.
- 6.3.6 Om hierdie rasse- en SES-teikens te haal, word 'n vasgestelde getal plekke beskikbaar gestel vir aansoekers op grond van hulle rasse- of sosio-ekonomiese status.
- 6.3.7 Elke fakulteit moet jaarliks die getal beskikbare plekke in elke program vasstel. Hierdie beskikbare plekke word in die volgende orde op die volgende gronde gevul:
- 6.3.7.1 akademiese prestasie, ongeag ras en SES;
  - 6.3.7.2 ras; en
  - 6.3.7.3 sosio-ekonomiese status.
- 6.3.8 Om hierdie vasstelling te doen, moet fakulteite gerig word deur:
- 6.3.8.1 historiese aansoek- en registrasietendense; en
  - 6.3.8.2 die fakulteit se diversiteitsteikens.

### **6.4 TOELATINGSPROSEDURE**



- 6.4.1 Namate aansoeke ontvang word, word aansoekers wat aan die minimum akademiese kriteria voldoen in dalende orde op 'n ranglys geplaas ooreenkomstig hulle akademiese uitslae op skool, en volgens ras (ooreenkomstig par 6.5) en SES (ooreenkomstig par 6.6) geklassifiseer.
- 6.4.2 Toppresteerders in alle kategorieë kan 'n vroeë toelatingsaanbod ontvang.
- 6.4.3 Die fakulteit laat die aansoekers hoogste op die ranglys toe om die toegewese plekke vir akademiese prestasie sonder inagneming van ras of SES te vul.
- 6.4.4 Uit die oorblywende aansoekers laat die fakulteit die BSI-aansoekers hoogste op die ranglys toe totdat die algehele teiken vir BSI-studente vir die program gehaal is (indien daar genoeg BSI-aansoekers is wat aan die minimum toelatingsvereistes voldoen).
- 6.4.5 Uit die oorblywende aansoekers laat die fakulteit die aansoekers hoogste op die ranglys met 'n SES-telling van ten minste 4 of meer toe totdat die algehele teiken vir SES-studente gehaal is (indien daar genoeg SES-aansoekers is wat aan die minimum toelatingsvereistes voldoen).
- 6.4.6 Indien daar plekke oorbly, hetsy omdat (a) daar nie genoeg BSI- of SES-aansoekers was wat aan die minimum toelatingsvereistes voldoen om die toegewese plekke te vul nie; of (b) die program sy rasse- en SES-teikens gehaal het sonder om al die toegewese plekke vir BSI- en SES-studente te vul, word die oorblywende toppresterdersaansoekers sonder inagneming van ras of SES-status toegelaat.
- 6.4.7 Daardie BSI- en SES-aansoekers wat nie tot 'n hoofstroomprogram toegelaat word nie, met inbegrip van aansoekers wat nie aan die minimum toelatingsvereistes voldoen nie, kan vir toelating tot 'n verlengde graadprogram oorweeg word.
- 6.4.8 In hoogs uitsonderlike gevalle kan die dekaan na eie goeddunke studente tot 'n hoofstroom- of verlengde graadprogram toelaat met die oog daarop om diversiteit te bevorder of vir sosio-ekonomiese benadeling te vergoed.
- 6.4.9 Die Rektor kan ook studente na eie goeddunke tot 'n hoofstroom- of verlengde graadprogram toelaat ooreenkomstig die individuele omstandighede van elke geval.

## **6.5 RAS**

- 6.5.1 Hierdie afdeling is slegs op Suid-Afrikaanse burgers van toepassing.
- 6.5.2 Die US gebruik om die volgende redes ras in sy toelatingsproses:
- 6.5.2.1 Om historiese diskriminasie teen bruin, swart Afrikaan- en Indiërpersone reg te stel.
- 6.5.2.2 Omdat ras, as gevolg van hierdie historiese diskriminasie, steeds 'n sterk aanwyser van voortgesette benadeling is.
- 6.5.2.3 Omdat alle studente en personeellede baat vind by 'n diverse studentekorps wat studente van alle rasse insluit.
- 6.5.2.4 Om aan die verslagdoeningsvereistes van die DHOO te voldoen.
- 6.5.3 In die oorweging van aansoekers se ras, erken die Universiteit dat vorige rassediskriminasie in Suid-Afrika (wat deur wetgewing afgedwing is) tot voortgesette benadeling in die hede lei.

- 6.5.4 Die Universiteit is voornemens om die voortgesette gevolge van rasseklassifikasie ingevolge die rassistiese en diskriminerende wette van die apartheidsstaat, wat as 'n misdaad teen die mensdom erken is, te hanteer.
- 6.5.5 Die Universiteit probeer nie aansoekers se rasseklassifikasie bepaal nie, maar maak eerder op 'n stelsel van selfklassifikasie staat.
- 6.5.6 Vir die doeleindes van selfklassifikasie word alle aansoekers gevra om aan te dui met watter rassegroep hulle, hulle die meeste vereenselwig. Moontlike antwoorde sal insluit die kategorieë wat die apartheidsbestel gebruik het, naamlik "swart Afrikaan", "wit", "bruin" en "Indiër", sowel as "Asiaat", "Ek wil liever nie sê nie" of "Ander (spesifiseer)".
- 6.5.7 Die US maak hoofsaaklik op 'n aansoeker se selfklassifikasie as 'n lid van een van hierdie rassekategorieë staat.
- 6.5.8 Indien die aansoeker as 'n swart Afrikaan, bruin persoon, Indiër of Asiaat selfklassifiseer, sal hy of sy in aanmerking kom vir daardie plekke wat vir BSI-aansoekers geormerk is.
- 6.5.9 Benewens selfklassifikasie, sal aansoekers gevra word om aan te dui of een van of albei hulle ouers, of 'n voog in wie se sorg die aansoeker grootgeword het, deur die apartheidsstaat volgens ras geklassifiseer is. Moontlike antwoorde sal insluit "Ja", "Ek weet nie en kan nie uitvind nie", "Ek wil liever nie sê nie" en "My ouer(s) of voog(de) het nie voor 1991 in Suid-Afrika gewoon nie en is nie volgens ras geklassifiseer nie".
- 6.5.10 Indien die aansoeker "Ja" antwoord ten opsigte van enige ouer of 'n voog, sal hy of sy gevra word om aan te dui of sy of haar ouer(s)/voog(de) ingevolge apartheidswetgewing as "swart Afrikaan", "bruin", "Indiër" of "wit" geklassifiseer is. 'n Ander moontlike antwoord sal wees "Ek weet nie en kan nie uitvind nie".
- 6.5.11 Deur na die apartheidswetgewing en rasseklassifikasie ingevolge daarvan te verwys, kondoneer die Universiteit geensins daardie stelsel óf probeer die gevolge van rasseklassifikasie kragtens daardie stelsel voortsit nie. Die Universiteit erken egter die realiteit van die meeste aansoekers wat in Suid-Afrika grootgeword het, naamlik dat een van of albei hulle ouers waarskynlik voorheen volgens ras geklassifiseer is. Daarbenewens erken die Universiteit dat vorige diskriminerende praktyke steeds oor die algemeen met huidige benadeling verband hou, wat deur regstellende aksie hanteer moet word.
- 6.5.12 Indien 'n aansoeker se rasseselfklassifikasie (a) strydig is met die apartheidsrasseklassifikasie van enige van sy of haar ouers of sy of haar voog; (b) 'n redelike opvatting van selfklassifikasie weerspreek; of (c) 'n poging blyk te wees om op 'n onregverdigbare manier toegang tot die US se regstellingsregulasies te verkry, kan die Universiteit geheel op eie diskresie:
- 6.5.12.1 die aansoeker in kennis stel dat die US sy of haar selfklassifikasie bevraagteken en hom of haar 'n geleentheid bied om verhoër te word;
- 6.5.12.2 met inagneming van sodanige verhoër:
- 6.5.12.2.1 die betrokke selfklassifikasie toepas indien die Universiteit oortuig is dat die selfklassifikasie redelik is;
- 6.5.12.2.2 weier om die student toe te laat indien die student oneerlik opgetree het; of
- 6.5.12.2.3 die aansoeker se selfklassifikasie verontagsaam waar die student

nie oneerlik opgetree het nie, maar die Universiteit glo dat die selfklassifikasie verkeerd is.

## 6.6 SOSIO-EKONOMIESE STATUS (SES)

6.6.1 Benewens die hantering van historiese en huidige benadeling deur aansoekers se ras in aanmerking te neem, neem die US ook aansoekers se sosio-ekonomiese status (SES) in ag. SES is 'n weerspieëling van die huidige sosio-ekonomiese benadeling wat 'n aansoeker te bowe moet kom. Die inagneming van SES stel die US in staat om:

6.6.1.1 huidige sosio-ekonomiese benadeling reg te stel; en

6.6.1.2 rekening te hou met die swakker prestasie wat uitsluitlik deur swakker sosio-ekonomiese omstandighede veroorsaak is.

6.6.2 Die US bereken 'n faktor deur drie aanwysers in ag te neem:

- onderwysbenadeling;
- ekonomiese benadeling; en
- eerstegenerasiestudentestatus.

6.6.3 Gesamentlik lewer hierdie aanwysers 'n telling tussen 0 en 10 op. 'n Aansoeker wat 'n telling van ten minste vier behaal, word as 'n sosio-ekonomies benadeelde aansoeker (SBA) beskou.

6.6.4 Onderwysbenadeling

6.6.4.1 Onderwysbenadeling verwys na onvoldoende toegang tot onderwys van gehalte, wat gelei het tot ontoereikende geleenthede om akademiese potensiaal te ontwikkel. Dit hou ten nouste verband met swak voorsiening van gunstige onderrigomstandighede en -fasiliteite, onderwysers en onderwysleiers van gehalte, gunstig geleë skole sowel as ondersteuning van ouers en die groot gemeenskap.

6.6.4.2 Hoogstens 4 punte kan vir onderwysbenadeling toegeken word.

6.6.4.3 Die US maak op twee alternatiewe faktore staat om onderwysbenadeling te bepaal:

a. Kwintielklassifikasie

- Die Departement van Basiese Onderwys deel elke hoërskool by 'n "kwintiel" in op grond van die finansiële behoefte in die omgewing waarin die skool geleë is, sowel as 'n aantal infrastruktuuraanwysers per skool.
- Kwintiel 1 tot 3 word as benadeelde skole beskou. Kwintiel 5 dui op bevoorregte skole. Skole in kwintiel 4 maak 'n middelkategorie uit, soos skole met redelike fasiliteite, maar op 'n verafgeleë plek.
- Punte word soos volg aan aansoekers toegeken:
  - 4 punte: skole in kwintiel 1-3;
  - 2 punte: skole in kwintiel 4; en
  - 0 punte: skole in kwintiel 5.

b. Skoolgeld

- As alternatief daarvoor om op die skoolkwintiel staat te maak, kan onderwysbenadeling bepaal word deur die gemiddelde jaarlikse skoolgeld

in ag te neem. Skoolgeld bied 'n ruwe aanduiding van die sosio-  
 ekonomiese status van 'n skool.

- Punte word soos volg toegeken:
  - 4 punte: R0–R1 500;
  - 2 punte: R1 500 – R5 000; en
  - 0 punte: R5 000 en meer.
- Skoolgeldklassifikasiekategorieë is onderworpe aan verandering, en die  
 Rektor se Bestuurspan kan die kategorieë jaarliks na gelang van behoefte  
 hersien.

#### 6.6.5 Ekonomiese benadeling

6.6.5.1 Ten einde hoëronderwystoegang te verleen aan leerders met sterk akademiese  
 potensiaal dog swak sosio-ekonomiese omstandighede, wie se lae finansiële  
 status as hoofhindernis vir toelating dien.

6.6.5.2 Hoogstens vier punte kan vir ekonomiese benadeling toegeken word, op grond  
 van twee faktore:

- 2 punte: aansoeker se familie ontvang 'n staatspensioen of  
 kindertoelaag; en
- 2 punte: aansoeker ontvang finansiële bystand/vrystelling van  
 skoolgeld.

#### 6.6.6 Eerstegenerasiestatus

6.6.6.1 Eerstegenerasieaansoekers word omskryf as enige aansoeker wie se  
 ouer(s)/voog(de) nie een 'n hoëronderwyskwalifikasie het nie.

6.6.6.2 Punte word soos volg toegeken:

- 2 punte: ouers/voog se hoogste kwalifikasie is graad 12 of laer;
- 1 punt: ouers/voog se hoogste kwalifikasie is 'n sertifikaat of diploma;  
 en
- 0 punte: ouers/voog se hoogste kwalifikasie is 'n universiteitsgraad.

#### 6.6.7 Samevatting

Ter samevatting word SES ooreenkomstig die volgende tabel (tabel 2) bereken:

<b>Onderwysbenadeling</b>	
Kwintiel 1-3 OF <R1 500 skoolgeld	4 punte
Kwintiel 4 OF R1 500-R5 000 skoolgeld	2 punte
Kwintiel 5 EN >R5 000 skoolgeld	0 punte
<b>Ekonomiese benadeling</b>	
Staatspensioen of kindertoelaag	2 punte
Finansiële bystand op skool	2 punte
<b>Eerstegenerasiestatus</b>	
Ouers/voog se hoogste kwalifikasie graad 12 of laer	2 punte
Ouers/voog se hoogste kwalifikasie sertifikaat of diploma	1 punt
Ouers/voog se hoogste kwalifikasie universiteitsgraad	0 punte
	<b>TOTAAL /10</b>

## **6.7 VERLENGDE GRAADPROGRAMME**

- 6.7.1 Fakulteite kan verlengde graadprogramme aanbied om voorsiening te maak vir BSI- en SES-studente met die potensiaal om sukses te behaal, maar (a) wat nie tot die hoofstroomprogram toegelaat is nie; en (b) wat sal baat vind by 'n bykomende tydperk om die studieprogram te voltooi.
- 6.7.2 Indien 'n VGP beskikbaar is, sal alle BSI- en SES-studente wat nie tot die hoofstroomprogram toegelaat is nie, met inbegrip van aansoekers wat nie aan die minimum toelatingsvereistes voldoen nie, uitsluitlik op grond van akademiese meriete vir toelating tot die VGP oorweeg word.

## **6.8 GEEN ONBILLIKE DISKRIMINASIE**

- 6.8.1 Die US diskrimineer nie onbillik in sy toelatingsproses nie.
- 6.8.2 In die besonder diskrimineer die US nie teen aansoekers op die volgende gronde nie:
- 6.8.2.1 geslag, gender-identiteit of seksuele oriëntasie; en
  - 6.8.2.2 geloofsoortuigings.

## **6.9 STUDENTE MET SPESIALE LEERBEHOEFTE (GESTREMDHEDE)**

- 6.9.1 Die Universiteit erken die wisselwerking tussen hierdie Toelatingsbeleid en die *Beleid oor Studente met Spesiale Leerbehoefte/Gestremdhede*.
- 6.9.2 Ingevolge die *Beleid oor Studente met Spesiale Leerbehoefte* omskryf die US 'gestremdhede' as bewysbare fisieke, nie-sigbare en/of sielkundige beperkings wat die lewensaktiwiteite van die persoon op 'n spesifieke wyse benadeel.
- 6.9.3 Die Universiteit streef daarna dat 'n persoon se gestremdheid nie as 'n struikelblok vir toelating moet dien nie. Binne haalbaarheidsperke ondersteun die Universiteit dus persone met spesiale leerbehoefte (gestremdhede) in hulle aanspraak op toelating, met inagneming van die akademiese vereistes wat vir programme gestel word (wat programuitkomste insluit), sowel as beroepsvereistes.
- 6.9.4 Dit bly die aansoeker se verantwoordelikheid om in die toelatingsaansoek voldoende inligting oor die aard van sy of haar spesiale leerbehoefte en/of gestremdheid te verskaf.

## **6.10 SKAARS VAARDIGHEDE**

- 6.10.1 In die implementering van die Toelatingsbeleid erken die US, as 'n openbare hoërsonderwysinstelling, sy verantwoordelikheid om studente op die sogenaamde skaarsvaardigheidsgebiede en vir verwante beroepe op te lei.
- 6.10.2 Dít verwys na gebiede waar 'n tekort aan kundiges in sekere akademiese rigtings en op sekere geografiese plekke 'n ernstige negatiewe uitwerking op die opvoeding, gesondheid, infrastruktuur en ekonomiese welvaart van gemeenskappe in Suid-Afrika kan hê.

## **6.11 VORIGE LEERERVARING**

Die assessering en erkenning van vorige leer as 'n toelatingskriterium word in die *Beleid vir die Assessering en Erkenning van Vorige Leer* (AEVL) van die US vervat. Laasgenoemde beleid word deur hierdie Toelatingsbeleid gerig.

## **6.12 INTERNASIONALE STUDENTE**

- 6.12.1 Die internasionalisasie van die hoër onderwys lewer 'n beduidende bydrae tot die vestiging van 'n diverse studentegemeenskap.
- 6.12.2 Die US verwelkom nasionale aansoekers wat internasionaal erkende ekwivalente van die NSS-matriekeksamen wat ook deur Universiteite Suid-Afrika erken word, geslaag het.
- 6.12.3 Die toelating en keuring van internasionale studente geskied op grond van akademiese meriete.
- 6.12.4 Die toelating en keuring van nasionale aansoekers met internasionale matriek ekwivalente soos dié van Cambridge International Examinations is egter steeds onderworpe aan die bepalings van hierdie beleid.

## **6.13 TOELATING EN TAAL**

- 6.13.1 Met sy *Taalbeleid* verbind die US hom tot die bevordering van meertaligheid en volg 'n dinamiese proses om die Universiteit meer inklusief en meer divers te maak.
- 6.13.2 Ooreenkomstig die *Taalbeleid* moet onderrigtaale die verbreding van toegang en akademiese sukses fasiliteer.

## **6.14 STUDENTE MET VORIGE VEROORDELINGS WEENS MISDAAD**

- 6.14.1 Die US vereis dat aansoekers enige vorige veroordelings verklaar.
- 6.14.2 Die US sal die aard van die veroordeling in ag neem, en kan na eie goeddunke toelating weier as gevolg daarvan.

## **6.15 STUDENTETOEGANG MET SUKSES**

- 6.15.1 Om billike toegang en 'n gelyke kans op sukses te verseker, voorsien die Universiteit 'n verskeidenheid pre-universiteit steundienste, soos intervensies in skole wat daarop toegespits is om leerders vir hoër onderwys voor te berei, en stel ook finansiële steun en kampusverblyf beskikbaar.
- 6.15.2 Sodra studente ingeskryf het, bied die studentesteundienste, soos die afdelings Studentesake sowel as Leer- en Onderrigverryking, en die fakulteite bykomende instaatstellers vir sukses sover beskikbare hulpbronne dit toelaat.

## **7. BELEIDSBEHEER**

- 7.1 *Beheerstruktuur waaronder hierdie beleid val:* Die beleid word vasgestel deur die

Universiteitsraad ná oorlegpleging met die Senaat. Die Rektor is verantwoordelik vir die uitvoering van die beleid en delegeer die oorhoofse verantwoordelikheid aan die toepaslike omgewings, wat aan 'n lid van die Rektor se Bestuurspan, naamlik die Viserektor (Leer en Onderrig), verslag doen.

7.2 *Eienaarskap*: In hierdie verband stel die Rektor die Viserektor (Leer en Onderrig) as lynhoof en eienaar van hierdie beleid aan.

7.3 *Rolle en verantwoordelikhede*: Die Universiteit lê onder andere die volgende rolle en verantwoordelikhede met die oog op die hantering en bestuur van hierdie beleid neer:

7.3.1 Die Viserektor (Leer en Onderrig) behoort, waar hy of sy dit ook al nodig ag, die hersiening van die Toelatingsbeleid aan te voor en oor die proses toesig te hou, veral waar moontlike aanpassings of vervanging vereis word. Hy of sy vervul die oorhoofse toesigfunksie vir die implementering en bywerking van hierdie beleid.

7.3.2 Die Senior Direkteur (Voornemende Studente), synde die kurator, is finaal verantwoordelik vir die vertolking en implementering van die beleid. Die kurator, in oorleg met die Viserektor (Leer en Onderrig), roep van tyd tot tyd 'n taakgroep byeen om die beleid te hersien.

7.3.3 Dekane is verantwoordelik om toelating- en keuringsriglyne in pas met hierdie Toelatingsbeleid op te stel.

7.3.4 Die Registrateur vervul 'n administratiewe funksie wat betref die implementering van fakulteite se toelating- en keuringsriglyne in pas met die beleid.

7.4 *Implementering*: By die aanvang van 'n aansoeke-siklus, hoogstens twee jaar na goedkeuring deur die Raad. Beginsels van die Toelatingsbeleid tree onmiddellik na goedkeuring deur die Raad in werking.

7.5 *Hersiening*: Hierdie beleid word elke vyf jaar of na gelang van behoefte hersien.

## **8. MONITERING EN VERSLAGDOENING**

Monitering is in normale bestuurspraktyke vasgelê en kommunikasie vind deur die gewone kommunikasiekanale van die Universiteit plaas. Aanspreeklikheid en verantwoordelikheid vir die vestiging van die vereiste kontroles vir beleidsmonitering en -verslagdoening, sowel as vir deurlopende verslagdoening aan die Rektor se Bestuurspan, word onderskeidelik aan die beleidseienaar en kurator toegewys.

Die Viserektor (Leer en Onderrig) doen een keer per jaar aan die Universiteitsraad verslag oor die voor- en nagraadse inskrywingsresultaat.

## **9. OPTREDE IN GEVAL VAN NIE-NAKOMING**

Enige klagtes wat uit beweerde nie-nakoming van die beleid spruit, word ingevolge die Universiteit se bestaande klagtebestuursprosesse en -stelsels ten opsigte van toelating hanteer, soos wat die kurator van hierdie beleid bepaal.

## 10. WOORDOMSKRYWING

In hierdie beleid word die volgende betekenis in toelatingsverband aan die onderstaande terme toegeskryf:

- 10.1 **Diversiteit** – In die konteks van hierdie Toelatingsbeleid, faktore soos rasseklassifikasie, gender, gestremdheid, sosio-ekonomiese benadeling (onderwys- en/of ekonomiese benadeling en eerstegenerasiestatus), geografiese ligging (platteland teenoor stad) en ouderdom
- 10.2 **Gelykberegtiging** – Toekenning van dieselfde regte aan mense of groepe
- 10.3 **Billikheid en regverdigheid** – Billike, regverdige of regmatige geleentheid om die hoër onderwys te betree en sukses te behaal
- 10.4 **Potensiaal om sukses te behaal** – Studente wat, in ag genome hulle konteks, uitsonderlike potensiaal toon om sukses te behaal te oordeel na hulle skoolprestasie en NNT-uitslae
- 10.5 **Eerstegenerasiestatus** – Die status van aansoekers wat nie die voordeel van ouers met tersiêre opleiding het nie
- 10.6 **Inklusiwiteit** – Om nie op grond van ras, klas, herkoms, gender, seksualiteit en gestremdheid uit te sluit nie
- 10.7 **Redelikheid** – Die toepassing van sosiaal aanvaarbare en billike beginsels
- 10.8 **Regstelling** – In die konteks van die Toelatingsbeleid, die regstelling van vorige ongelykhede
- 10.9 **Ras-selfklassifikasie** – Wanneer 'n aansoeker self op grond van eie oordeel vrywillig inligting ten opsigte van ras verstrek
- 10.10 **Deursigtigheid** – Openlikheid ten opsigte van bedoeling, kommunikasie en handelinge
- 10.11 **Voorgraadse en nagraadse programme** – Geakkrediteerde akademiese programme wat by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding geregistreer is
- 10.12 **Benadelingsfaktor** – 'n Formule wat 'n spesifieke gewigswaarde aan bepaalde aanwysers van benadeling toeken

## 11. STAWENDE DOKUMENTE

- 11.1 Institusionele Voorneme en Strategie (2013-2018), ondersteun deur die US Institusionele Plan (2014-2018)
- 11.2 Die Jaarboek van die US
- 11.3 Institusionele Rasionaal, Beginsels en Prosedure vir Inskrywingsbestuur (wat die Raad op 3 Mei 2011 goedgekeur het)
- 11.4 Beleid oor Studente met Spesiale Leerbehoefte/Gestremdhede
- 11.5 Beleid vir die Assessering en Erkenning van Vorige Leer (AEVL)
- 11.6 Riglyne aangaande die US se Verlengde Graadprogramme (met byvoegings wat die Senaat op 18 Maart 2011 goedgekeur het)



11.7 Fakulteitspesifieke toelating- en keuringsriglyne

11.8 Ministeriële dokumente

- a. Wet op Hoër Onderwys 101 van 1997
- b. Suid-Afrikaanse Grondwet
- c. Gepubliseerde statutêre toelatingsvereistes van die DHOO
- d. Witskrif op Naskoolse Onderwys en Opleiding – 20 November 2013
- e. Onderwyswitskrif 3: 'n Program vir die Transformasie van die Hoër Onderwys – Julie 1997
- f. Konsepbeleidsraamwerk oor Sosiale Inklusiwiteit van die DHOO – Augustus 2014
- g. Ministeriële riglyne vir die inskrywingsteikens van die DHOO

## **12. VERBANDHOUDENDE DOKUMENTE**

12.1 Taalbeleid

12.2 Beleid vir Plasing in Koshuise en Luister-, Leer- en Leefhuise, asook Indelings by PSO-wyke en Klusters

12.3 Beleid insake die aanbieding van kortkursusse aan die Universiteit Stellenbosch

12.4 Strategiese Raamwerk vir Sport by die Universiteit Stellenbosch 2014-2018

12.5 Reglement ten opsigte van hertoelating


12.6 Reglement vir beurse en lenings (word tans opgestel)

12.7 Reglement vir beleid- en bestuursdokumente

12.8 Studentewerwingsplan

12.9 Billikheidsplan (word tans opgestel)

Tabel 2: Grafiese voorstelling van toelatingsproses

**Berekening van sosio-ekonomiese status (SES-faktor)**